Oordenking
26 Augustus 2009

Pasop! Skinder maak dood!

Die gevolg van die sonde om te skinder word nêrens beter illustreer nie as in Num 12: 1- 15. Hierdie storie waarsku teen die bose mag van skinder om baie soorte verhoudings te vernietig – ook in die kerk van Christus.

Die agtergrond is Moses se troue met 'n vrou van die land Kus. Miriam en Aaron het die troue afgekeur omdat die bruid nie 'n Israeliet was nie. Maar in plaas daarvan om hom direk daaroor te konfronteer, skinder hulle agter sy rug daaroor. Hulle val sy karakter aan. Die gesprek gaan dan voort om tot die gevolgtrekking te kom dat dit beter sou wees as hulle ook leiers, soos Moses, behoort te wees. God se reaksie op die geskinder was vreeslik, direk en baie pynlik. Omdat hulle Moses se gesag so ondermyn het, word Miriam met melaatsheid gestraf. Moses bemiddel vir haar by God en smeek Hom om haar te genees. Sy word gesond, maar nie voordat sy vir 7 dae uit die kamp geban is nie.

Wat leer ons oor skinder uit die verhaal?
Eerstens dat skinder 'n lafhartige daad is. Skindertonge bespreek die slagoffers agter hulle rug, sonder om hulle 'n kans te gee om hulleself te verdedig. Moses se huwelik met die Kussiet was nie teen die wet nie en Miriam en Aaron het hom nooit gevra wat sy redes hiervoor was nie.

Tweedens, skinderstories versprei soos siekte. 'n Skinderstorie ontwikkel 'n lewe van sy eie en beweeg vinnig van 'n minder gevaarlike na baie gevaarlike bedreiging wat verhoudinge doodmaak. Wat begin as "maar net Moses se persoonlike lewe" word gou 'n situasie waar sy roeping deur God bevraagteken word. Skinder bly selde by die aanvanklike storie, maar groei en versprei soos dodelike kanker waarteen net God ons kan beskerm.

Derdens, skindertonge versterk hulle eie posisie deur die benadeelde persoon seer te maak. Aaron en Miriam wil hulle eie invloed uitbrei deur die uniekheid en egtheid van Moses se roeping onder verdenking te bring. Niemand skinder omdat hulle die benadeelde persoon wil help nie, hoewel dit so aangebied word. Daar is altyd 'n bose, selfsugtige element by betrokke.

Vierdens, skinder beteken dat jy deur 'n vermeende vriend, familielid, of geestelike broer of suster seergemaak word. Mens is nie so seergemaak deur 'n belediging van 'n vreemdeling soos deur onregverdige beskuldigings en aantygings van iemand vir wie jy regtig lief is nie. Dieselfde is waar van skinder. Dis 'n vriendelike persoon wat ons vertrou, die mense naaste aan jou, wie se geskinder ons die seerste maak en die meeste afbrekend is. Dit is ook dikwels 'n gemeente se eie lidmate wat haar die ergste vermink en strem deur die verspreiding van sensasionele skinderstories.

Laastens moet ons nooit vergeet dat God 'n geskinder passievol haat nie. God se verskriklike straf van Aaron en Miriam oor hulle skindery is maar een voorbeeld van hoe 'n afkeer God aan die sonde om te skinder het en dat dit sy woede en oordeel ontlok.
Spr 6:16-19: "Die Here haat ses dinge, nee, daar is sewe waarvan Hy 'n afsku het: oë wat straal van hoogmoed, 'n tong wat lieg, hande wat met bloed bevlek is, gedagtes wat met komplotte besig is, voete wat net een koers ken, dié van die kwaad, 'n getuie wat lieg en iemand wat rusie stook tussen broers."

'n Gemeente bestaan nie uit volmaakte mense nie. Ook nie uit gevoellose robotte nie. Ons is mense van vlees en bloed wat positief of negatief reageer op die woorde wat teenoor ons uitgespreek word of agter ons rug oor ons gesê word. My man of vrou, vriend, kinders, kinders se vriende en my kollegas is almal mense wat maklik seergemaak kan word en dit is vir ons baie maklik om hulle vrede en goeie naam te vernietig.

'n Streng woord van vermaning kan nie 'n fraksie soveel skade doen soos om 'n skinderstorie oor te vertel nie. Veral as die vermaning geregverdig is en opreg bedoel word om iemand teen dwaasheid of goddeloosheid te beskerm. As ek regtig iemand se beste belange op die hart dra, sal ek met die persoon self daaroor gesels, sonder skynheiligheid, en met gewilligheid om ook na sy/haar kant van die omstandighede te luister. Mens doen dit ook net onder die leiding van die Heilige Gees en met die liefde van die Here.

Selfsugtige, dodelike woorde en geskinder kan mense breek! Aanmoediging, opvoeding, onderrig in God se woord en bemoediging bou mense op in die Here!

Psalm 19:14: *"Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser"*

Watse woorde gaan *jy* vandag uitspreek?